Ges. 180 : 1
Ges. 55 : 1, 2.
Ges. 155 : 5

# Laat u Koninkryk Kom II

Met. 12 Jan. 1941

## Lukas 4: 14–21

Mt. 6:10 – „Laat u Koninkryk Kom."

Mo het ons gesê dat ons v/a sal voortgaan om te praat oor die Koninkryk v God. Van/og. gepraat oor die Aard & Doel v.d. Kon.k – v/a praat oor die Koms v.d. Kon.k Hou ons nog by dies. teksvers Mt. 6:10 – Laat u Kon. Kom.

Toe ons v/o gepraat het oor die aard & doel v.d. Kon. – wat die Kon.k is, en wat dit wil – het ons dlap gewys dat die Kon.k is:

① 'n Nuwe wêreld waar God alleen as Vader sal heers in 'n ryk van geregtighd, vrede & liefde

② 'n Nuwe lewe wat kom in die hart van elke mens wat God ~~wil~~ liefhet en dien. Voorw. vir ①

Vrund. ③ 'n Nuwe roeping wat gegee word aan elke ~~on~~-derdaan v. die Kon.k om sy dagtaak te vervul soos God wil hê dat hy moet doen, omdat vir God is elke werk, v.d. predikantskap tot die eenvoudige werkie op aarde, heilige werk – niemand is in Sy oog te gering om te werk vir die Kon.k

Bring mee – ④ 'n Nuwe Uitlewe v. dd Roeping omdat ons as onderdane v. dd. Kon.k geroepe word om daardie Godsryk in te dra in al die Kamers van ons lewe: in die sedel., ekon. maatsk. en politieke. En veral het ons beklemtoon dat elke verkondiger v.d. Wd v G. nie alleen pred. nr ook d Kerk – moet waarsku en teregwys waar onreg aan Gods saak gedoen word

Een & ander het deur ons woorde die indruk gekry dat ons dit ons goedkeur dat predikante in die K/d hulle bemoei met partypolitiek – wil v/a baie duidelik & defin. sê dat ons nie so iets bedoel nie. Die pred. as gesant v. God is geroepe om enige onreg in watter vorm en in watter party ookal aan die lig te bring, mr puis dan moet hy as voorganger v.d. gem. bo en

[Sy roeping 'n geestelike]

buite alle partypolitiek staan. ~~Want ons paspoort na die hemel sal seker nie bestaan uit die lidmaatskapskaartjie van die party waaraan ons behoort nie~~ Daar het ons nog altyd prakties voldoen.

Nie alleen gepraat oor aard, mr ook oor d. doel v.d. Kon.k: ① Gods verheerliking
② Die mens se verlossing

Na wil ons afsluit deur te praat oor d. Koms v.d. Kon. v. God. Allerhande vrae wat in ons gedagtes opkom:

– Hoe sal die Kon.k kom? Wanneer? Na wie? Oor watter gebiede v.d. lewe? Is ons seker dat dit sal kom? En dat dit kan kom?

Die koms v.d. Kon. laat ons dink aan 'n verhoor wat aantal jare gelede ~~onlangs~~ plaasgevind het in een v.d. lande van Europa waar verpligte militêre diens ingevoer is. En jong man die regering in kennis gestel dat hy gewetensbeswaar het. In d. verhoor het hy verduidelik dat hy nie teen d. regering is, mr. dat die Kon.k v God hom nie toelaat om sy medemens dood te skiet nie. – liewer mediese diens.

"Maar die Kon.k v God het nog nie gekom nie" was die kommentaar v.d. regter.

"Ja, edelagbare" was sy antw., "die Kon.k v God het gekom – sover as my lewe aangaan"

Bewys dat die meeste v. ons nog nie dd. sekerhd het nie omdat daar nog te veel onkunde is oor die koms v. Gods ryk. En d/om vra ons n/a: Wat verstaan ons alles onder die koms v Gods ryk? Wat het Jesus bedoel toe hy sy diss.s geleer het om te bid: Laat u Kon.k kom?



[In hd. verband let ons op 'n paar kante v.d. saak: ① Hoe gaan dit kom?
② Wanneer – – — ?
③ Na wie – – – ?
④ Oor watter gebiede v.d. lewe?
⑤ Is ons seker dat dit sal kom? ]

I. Die wyse waarop die Kon.k kom:

Hoe gaan die Kon.k kom? Eintlik moet ons vra: Hoe gaan dit op aarde kom? Want in die hemel bestaan dit reeds in al sy volheid, en in beginsel het dit reeds op aarde gekom deur J.X. Laat ons liewer vra: Hoe kan ons die koms bevorder?

① Nie deur geweld: Dit het J.X. baie duidelik aan ons gewys deur sy eie lewe. Géén geweld kan ooit die Kon.k v. God bevorder nie – hetsy die geweld in ons gedagte, geweld v.d. woord, of geweld v.d. wapen. Daarom kan geen verwensinge in gedagte, uitskel van ander in woorde, of geweld teenoor ander in dade ooit Gods Kon. bevestig en bevorder nie.

En tog gebruik God oorlog & rebellie om Sy saak te bevorder. Of laat ons liewer sê dat ten spyte van geweld Gods Kon.k tog uitbrei – mr. hoe? Omdat God deur Sy kinders aan die wêreld wil toon dat in Sy Kon.k daar net een wapen is wat gebruik mag word teen onreg en haat & geweld: en dit is die wapen van liefde tot jou vyande, van bereidwilligheid om te ly vir die sondes van ander volke, ja ook bereidwilligheid om saam te ly & swaar te kry vir al die sonde wat jou eie volk doen. Nooit mag enige sonde & onreg goedgekeur word nie, mr waar nie gehoor gee daar ly- soos Xtus gely het.

Tragedie: ons dit vroeër – deur ander uitleede ~~Ghandi~~
Kon ons maar die geheim v.dié wapen meer ontdek – dan het geweld nie meer sy krag, dan verloor alle wraaksug sy bekoring en word die Kon[k] v God opgebou.

② Nie deur uiterlike vertoon: nog minder kom Gods-ryk deur uiterlike vertoon, deur spog & praal. Waar daar dus enige hoogmoed by die mens of by 'n volk is oor besittinge & rykdom, oor 'n grootse verlede, oor prestasies behaal, daar kan God sy ingang nie vind nie. Want alle hoogmoed en pronksug & neersien op ander mense & volkere maak die hart v.d. mens toe vir die stem v God. [Laat ons nie na ander mense & ander volkere kyk nie – laat ons gewaarskou wees om die hand in eie boesem te steek.]

As u nou vra: Mr hoe kom dit dan? – Dan sê ons – 'k hoef nie ver te gaan nie – hier in ons midde is daar vrome, stille moeders wat om hulle lewes die glans van nederigheid en liefde en waarheid & trou versprei – dis hulle wat besig is om die Konk v God te bou, ongesien, ongevraag omdat hulle hul werk getrou bewaar en vreugde bring in die hart van hulle man & kinders!

So kom Gods ryk elke dag meer en meer – daar waar liefde heers & waar needrigheid & ootmoed in mense se harte leef! ~~Kerk moet~~ draer v.d. boods wees!

II Die Tyd waarop dit kom: Mr. wanneer sal die ryk van God kom? Lyk so ver van ons nog-sien nog so min daarvan! Reeds deels geantwoord:



In sy beginstadium het dit reeds gekom – deur al die verkeerde is dit nog besig om te kom daar waar mense die wil van God doen – en aan die einde sal dit kom in al sy heerlikheid wanneer Xtus na die wêreld terugkom.

① In beginsel reeds: Deur Sy seun te stuur het God reeds die fondament gelê v. d. nuwe ryk. Dis dié Seun wat ons die eerste van die ryk kom vertel het en elke dag ook uitgeleef het.
② Is besig om nog te kom: Hoe onverklaarbaar dit ookal mag lyk, mr deur alles wat plaasvind is God teg besig om Sy ryk nog altyd uit te brei. Ten spyte van alle haat & nyd, ten spyte van alle geweld, is Sy werk besig om rustig en kalm voort te gaan tot aan die einde wanneer dit sal kom in al sy volheid oor die aarde!

III Die Persone na wie dit kom: Mr. nou anders vr. – Na wie sal die ryk kom? Wie sal almal onderdane daarvan wees? Baie duidelik gee ~~God~~ Xt. die antw: „As julle nie weergebore word nie, kan julle die ryk v God nie ingaan nie!" Net soos in 'n aardse ryk alleen, 'n die onderdane ~~mag~~ reg het om bly wat die Koning gehoorsaam is, so ook in Gods ryk is daar alleen plek vir die van ons wat die wette van Sy ryk gehoorsaam. As ons dit nie doen nie, is dit nie Hy wat ons uitsluit nie, mr ons self. En daarom vra God alleen dat ons Sy wil sal doen, Sy werk sal bewerk, Sy ~~plan~~ wette sal gehoorsaam as ons in Sy ryk wil ingaan.
Br & Suster, Is ons seker van dié plek?

Het ons al ons trou gesweer aan die Koning? Het Jesus al vir ons so 'n pers. vriend geword dat Sy groot werk & strewe ons s'n geword het?

IV Die Omvang v.d Ryk: Mr. ons vra ook: Wat sal die omvang v.d. ryk wees? Hoe sal dit werk? V/o reeds aangedui – beklemtoon net weer: dit sal ons hele lewe omvat in al sy verskeidenheid en in al sy volheid. Op alle gebiede v.d. lewe sal ~~daar~~ die ryk sy septer swaai. Reeds in sy groot openbare manifes in Naz. (Luk. 4) het Jesus aangedui wat die Kon^k alles sal doen: (5 punte in sy program)

Die Gees v.d. Here is op my omdat Hy my gesalf het om:

① die Ev. a.d. armes te bring – armoede & ellen. ongeregtigheid uit die weg te ruim

② die wat verbryseld van hart is te genees & die gev^e vrylating te verkondig – maatsk. & staatk. onreg uit te vee

③ om die blindes herstel v gesig te gee – ~~alle liggl.~~ volkgesondh^d v liggaam

④ om die wat gebroke is in vryh^d weg te stuur – sedelike & geestel. opheffing & herstel

⑤ om die aangename jaar v.d. Here te verkondig – 'n nuwe wêreld in vooruitsig

– Dit is die dinge wat sal kom in die nuwe ryk: die Kon^k v.d. Hemele op Aarde.

Mr. nou: Ons laaste vr: Wat is die sekerh^d vir die koms van dié Ryk?

V Die Sekerhd v.d. Koms: Daadlik sê: Geen ander grond & bewyse as net die Wd v God. Dis nie 'n saak wat ons met argumente kan bewys & staaf nie – dis alleen in die geloof dat ons dit kan aanneem & uitleef dat Gods ryk sal kom. Sy woord is vol v.d. beloftes – en daarop steun ons. Ons glo en weet dat deur al die storms & stryd, al die ellende & nood, Sy ryk sal kom! Jota & titel kan bewys

// – Weet ook dit sal alle ander aardse ryke verwang – soos alle ryke reeds deur die eeue vergaan het – die groot & magtige ryke v.d. wêreld – so moet alle ryke eindelik die knie buig voor Gods Koninkryk – die onsigbare ryk van liefde en waarheid en reg wat eendag op aarde sal kom in al sy heerlikheid soos dit reeds v.d. in die hemel bestaan!

Wat sê dit alles nou vir ons? (Wei uit) Dis 'n oproep tot gebed, waaks^d, werks^d:

① Tot Gebed: „Laat u Koninkryk kom" – en die dit moet die gebed van ons harte en die strewe van ons lewe wees. Altyddeur moet ons met die een doel voor oë hê: om God se wil te soek vir ons eie lewe, lewe van ons volk, lewe van alle volkere. Altyd moet ons soek om Sy Koninkryk op te bou en uit te lewe!

② Tot waaksaamheid: „Laat u Koninkryk kom" Dis ook 'n ernstige waarskuwing dat ons

geen ander ryk as die ewige, onvergankllike ryk van God mag opbou nie! Laat ons waak oor ons eie lewe dat daar nie ander dinge sal inkom wat God kan verdring nie- of dit nou is geld of eer of posisie of aanhesing ~~wat~~ ookal! En as dit daar reg is sal dit in die lewe van ons volk ook reg wees!

(3) Tot werksaamheid": "Laat u Kon. kom" Vir elkeen van ons het God Sy werk - as ons net wil inval! Geen mens + geen werk vir hom te gering! Is dit nie wat Hy vra: ~~ta~~ Dat ons almal voel: St Werk in die Kon"K?

— ~~bergheidsman~~ 'n boer met selfde heiligheid v. Sy Godsroeping bewus sal wees as hy Maandag werk-toe stap as predikant wanneer hy gaan preek?

— die man met geld sy boeke met selfde gevoel v. ~~heiligheid~~ eerbied sal aanraak as pred. die Bybel, omdat daarbinne niks bedeks + onrein is nie?

— die skoenmaker & spoorwegwerker ~~dies~~ sy skoene ~~hulle~~ sal maak & slepers sal lê met dies.- toewyding as wat die dienskneg v God moet besill?

— die onderwyser, d. vader & moeder wat hulle kinders opvoed dit so sal doen omdat hulle weet: Ons maak die kindjie groot vir die Here se Ryk, watter rigting hy/sy ookal gaan inslaan?

As ons dit wil doen, dan kom eenhd, samewerking, 'n liefde (standpuntkille weg) omdat ons weet: ons almal bou in stilte, (sit elkeen steen by) aan Kon. v. God

Seuntjie: Inspekteur by skool: ~~diamant~~ : Minerale ryk (1)
Aan watter ryk behoort d. Kassie: Diereryk (3)
" " " " " lelie: Planteryk (2)
" " " " Jy. ~~my~~ kind:
Met stralende gesiggie: Aan die Kon. v. God

Amen.